

6 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 5:17-20
Fokusgedeelte Matteus 5:17-20

Die ware betekenis van die wet

Doen gerus navraag onder ons seniors oor hoe die *vierde gebod* 60 jaar gelede verstaan is. Dit sal gou vir jou duidelik word dat hulle waarskynlik onthou wat verbode was: naaldwerk, skoolwerk, inkopies, swem, speel en so meer. Vra hulle na die eintlike doel van die Sabbat (Sondag), en die antwoorde is dikwels niks meer as *kerkbesoek* nie. Sou iemand dit waag om 'n ander standpunt te huldig, was dié as 'n *Sabbatskender* gebrandmerk.

In die tyd voor Jesus se koms was dit veel erger: Die wet van God was tot reëls verwerk wat vir die mens haalbaar was. So het die ware of eintlike betekenis van die wet verlore geraak. Die Skrifgeleerdes was immers die leermeesters van daardie tyd en hulle uitleg die enigste wat gegeld het. Daarom dat hulle Jesus daarvan beskuldig het dat Hy die wet en profete ongeldig wou maak.

Die teendeel was egter waar: Jesus was die enigste wat die wese van die gebod in sy diepste sin verstaan het. Daarom was Hy ook die enigste wat die wet/gebod ten volle kon vervul of nakom. So maak Hy dit vir ons maklik om getrouer aan die wet te wees. Hoe so? Eenvoudig deur self die gebod prakties te kom uitleef het. Die geheim is om Hom te volg, want dan sal jy nie jou energie mors op dispute oor skoolwerk, swem of inkopies op Sondag nie. Nee, jy sal dan konsentreer op hoe jy die Sondag (en elke dag van die week) waarlik tot eer van God kan deurbring. Dan volg jy Christus, die Vervuller van die wet. Alle formalisme is deurbreek!

Ds. Fanus Heystek (Emeritus)